# LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1
E-Pos: parklaerskool@gmail.com
Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit

Posbus 96
MOSSELBAAI
6500


19 Januarie 2022

**Omsendbrief 1/2022**

Geagte Ouers

Welkom terug na ‘n lang en heerlike Desembervakansie sonder inperkings op die strand. Ek vertrou dat u die rustyd terdeë geniet het en dat u almal uitsien na ‘n meer normale skooljaar. 'n Baie voorspoedige 2022 word u toegewens.

**LEERDERS**

Baie welkom terug aan al ons leerders. Ek vertrou dat 2022 ook vir julle 'n besonderse mooi jaar met nuwe hoogtepunte sal wees. ‘n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe leerders wat hul formele skoolloopbaan by Laerskool Park begin. Ons vertrou dat julle gou julle voete sal vind en gelukkig sal wees as ‘n Parkie.

Handboeke word verskaf aan alle leerders vanaf graad 4 – 7. Alhoewel die boeke al ‘n paar jaar in gebruik is, doen ons ‘n dringende beroep op u, as ouers, om toe te sien dat hierdie boeke nie beskadig of verlore raak nie. U ontvang eersdaags ‘n bewys van handboeke ontvang wat deur u onderteken moet word.

**OUERS**

Ons verwelkom graag al ons nuwe ouers. Ons is dankbaar dat u Laerskool Park gekies het as die skool vir u kind. Ons vertrou dat u spoedig tuis in ons ouergemeenskap sal wees en dat u ook u kragte sal inspan by al die skool se bedrywighede.

**PERSONEEL**

Baie sterkte aan die personeel van Laerskool Park vir ‘n nuwe uitdagende, maar tog opwindende jaar. Ons vertrou dat die ratte goed geolie is en dat dit ‘n jaar vol hoogtepunte gaan oplewer. Mag ons uitsonderlike hoogtes op alle terreine bereik. Mag ons houding en gesindheid ons in hierdie jaar lei. Ons tema vir die jaar is: **“*Sprei jou vlerke.*”**

Heelwat nuwe personeel sluit vanjaar aan by Laerskool Park se personeelkorps. Ons verwelkom mnr Eddie Prins in Graad 5 wat vanaf die Noord-Wes provinsie, mnr Hennie Otto as sportorganiseerder wat voorheen by Milkwood betrokke was en Seonaid Strydom in Graad RR. Ek vetrou dat hierdie personeellede gou hul voete sal vind en diep spore in die toekoms van Laerskool Park sal trap.

**OUERAANDE**

Ons wil u aandag daarop vestig dat dié oueraande baie belangrik is en dat alle ouers verplig word om dit by te woon, aangesien belangrike inligting deurgegee word. Presensielyste gaan gehou word van alle ouers teenwoordig.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Dinsdag*** | **-** | ***25 Januarie* 2022** | **Graad R en RR** | **18:00** |
| **Woensdag** | **-** | **26 Januarie 2022** | **Grondslagfase** | **18:00** |
| **Donderdag** | **-** | **17 Januarie 2022** | **Senior Primêr** | **18:00** |

Almal vergader eers in die saal vir enkele belangrike sake. Daarna verdaag ons in klasgroepe waar die klasonderwysers u sal toespreek.

| SKOOLURE 2022 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **GRAADGROEP** | **GR. RR en R** | **GR. 1** | **GR. 2 en 3** | **GR. 4 tot 7** |
| **Maandae tot Vrydae** | 07:30 tot 12:15 | 07:30 tot 13:00 | 07:30 tot 13:30 | 07:30 tot 14:00 |
| www.parklaerskool.co.za | | | | |

## ATLETIEK

Leerders word vir spangees in drie groepe volgens hul vanne verdeel nl., Dolfyne, Marlyne en Tunas.
Dolfyne met vanne van A tot I
Marlyne met vanne van J tot P
Tunas met vanne van Q tot Z.

Ons huissport-byeenkoms gaan weer oor twee dae geskied.

Op Vrydag, 28 Januarie 2022, word die 0/8- en 0/9-langafstande (800m en 1200m) asook veldnommers (0/9 tot 0/13) in skooltyd by die **skool** afgehandel. Hiermee wil ons elke leerder 'n billike kans gun om te kan presteer in die onderskeie afdelings.

Op Saterdag, 29 Januarie 2022, vind die hekkies en baannommers by die Van Riebeeck Stadion plaas.

***Oefeninge vir die baanitems, hekkies en aflosse gaan in skooltyd afgehandel word.***
***Alle velditems gaan middae in tydgleuwe in ouderdomsverband plaasvind. Ons doen 'n beroep op ouers om toe te sien dat leerders die oefening bywoon.***

**Baie belangrik : Graad 1 – 3 se baanitems word in skooltyd afgehandel.**

Alle leerders vanaf **Graad 1 tot 3** trek eerskomende Donderdag, 20 Januarie tot Vrydag, 27 Januarie L.O-klere skool toe aan.

Leerders vanaf **Graad 4 tot 7** trek eerskomende Donderdag, 20 Januarie tot Woensdag, 26 Januarie L.O-klere skool toe aan. Dit moet die korrekte L.O.-klere wees.

**Middagoefentye** vir veldnommers is as volg vir 0/9 tot 0/13 vanaf Donderdag, 20 Januarie tot Woensdag, 26 Januarie:

| | |
|---|---|
| 0/9 | 13:30 – 14:15 |
| 0/10 en 0/11 | 14:15 - 15:30 |
| 0/12 en 0/13<br>(Verspring, hoogspring en gewigstoot) | 15:30 – 16:30 |
| 0/12 en 0/13 (Spiesgooi en diskus) | 16:30 – 17:15 |

## SKANDERINGSHEKKE

Leerders sal nog steeds aan veiligheidsprotokol moet voldoen. Grondslagfase leerders beweeg dadelik na hul onderskeie klasse nadat hulle by die hekke geskandeer is. Gr. 4-7 leerders gaan voor skool hul tasse in die vierkant sit. Tydens reëndae gaan leerders dadelik na hulle onderskeie grade se gange waar hul geskandeer gaan word alvorens hul die klasse betree.

- **Graad RR en R - Klein hekkie by tennisbane**
- **Graad 1 & 2 - Nuwe deurry aflaaisone**
- **Graad 3 - Saalingang**
- **Graad 4, 5, 6 & 7 - Hoofingang by kantoor of onderste hek in Kaapweg**

Aan die einde van die skooldag mag geen samedromming plaasvind nie. Ouers moet hul kinders stiptelik op die gegewe tye kom afhaal by die skool.

Ek doen 'n beroep op u as ouer om die eenrigtingverkeer soggens na Kerkstraat en middae van Kerkstraat op te respekteer. Dit is vir ons leerders se veiligheid en om die verkeersvloei te vergemaklik.

**SKOOLFONDS**

Skoolgelde van graad RR en R beloop vanjaar R10 200 per leerder. Dit beloop R2 550 per kwartaal of R1020 per maand oor 10 maande. Die deposito wat u in 2021 betaal het, word aangewend vir u Januarie-paaiement.

Skoolgelde van graad 1-7 beloop vanjaar R10 000 per leerder. Dit beloop R2500 per kwartaal of R1000 per maand oor 10 maande.

Gr. RR- en Gr. R-gelde is streng vooruitbetaalbaar. **Geen vrystelling vir Graad RR- en R-skoolgeld nie**. Skoolbywoning sal opgeskort word indien u 30 dae agterstallig is.

U kwalilfiseer vir 5 % korting indien u u kind se skoolfonds betaal voor **28 Februarie 2022**.

Vir u gerief beskik die skool oor krediet- en debietfasiliteite. Indien u van elektroniese betaalstelsels gebruik maak, moet die **kind se naam en klas of toelatingsnommer** as verwysing aangedui word.

Aansoekvorms vir die vrystelling/vermindering van skoolfonds is by die kantoor beskikbaar. Indien u voorheen kwytskelding ontvang het, kwalifiseer u nie outomaties vir vrystelling of vermindering vir 2022 nie. **U moet aansoek doen vir 2022 om te kwalifiseer. Volledig** voltooide vorms moet voor of op **11 Februarie 2022** ingehandig word. **Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.**

Stiptelike betalings en vroegtydige reëlings sal verseker dat daar nie aan die einde van die jaar agterstallige gelde is wat probleme veroorsaak nie.

**AFHAAL VAN VROEë VERLATERS VAN SKOOL**

Volgens departementele beleid moet daar register gehou word van vroeë verlaters van skool. Ons wil u dus aanraai om nie mediese afsprake tydens akademiese tyd te maak nie. (Slegs met uitsonderlike gevalle sal leerders met die nodige toestemming by ontvangs uitgeteken word.)

Groete van skool tot huis

**DF DU TOIT**
**SKOOLHOOF**



# 2022 SCHOOL CALENDAR

## COASTAL CLUSTER: EASTERN CAPE, KWAZULU-NATAL, NORTHERN CAPE AND WESTERN CAPE PROVINCES

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

2030 NDP

STAY SAFE
PROTECT SOUTH AFRICA

**January 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**February 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | | | | | |

**March 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

**April 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

**May 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**June 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**July 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**August 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |
| 31 | | | | | | |

**September 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | |

**October 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**November 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**December 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

| | |
|---|---|
| | Weekends |
| | Days for administration |
| | School days |
| | Public holidays |
| | Special school holidays |
| | School holidays |

**Public and School Holidays 2022**

| | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 15 April | Good Friday |
| 18 April | Family Day |
| 27 April | Freedom Day |
| 01 May | Workers' Day |
| 02 May | Public Holiday |
| 16 June | Youth Day |
| 17 June | Special School Holiday |
| 08 August | Special School Holiday |
| 09 August | National Women's Day |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |

| Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|
| (17) 19 January - 25 March | 10 | 48 (50) | 1 | 47 (49) |
| 05 April – 24 June | 12 | 59 | 5+1 | 53 |
| 19 July – 30 September | 11 | 54 | 1+1 | 52 |
| 11 October – 14 December (15) December | 10 | 47 (48) | 0 | 47 (48) |
| **Total** | **43** | **208 (211)** | **7+2** | **199 (202)** |